

DIEF LOOP KATVOET

HET JY GEWEET?
Sir Isaac Newton, wat swaartekrag ontdek het, is ook die ontwerper van die katdeurtjie.

NORRIS HET SOMMER HEELWAT VAN SY BURE SE BESITTINGS LAAT VOETE KRY!

Bristol, Engeland
Die geslepe dief sluip snags by die huise van sy bure in. As hy iets sien waarvan hy hou, gryp hy dit en glip uit nes hy ingekom het. Die voorbarige skurk is Norris die streepkat!

Die harige stouterd het al honderde dinge gesteel. Hy sleep sy buit deur die katdeurtjie tot in sy eienaar se kombuis, waar hy miaau terwyl hy hom aan sy skatte verkyk. Van die dinge wat hy al gegaps het, is sokkies, T-hemde, 'n broek, oondhandskoene en selfs 'n halwe pizza!

"Ons hoor nie dikwels van katte wat dinge by die bure steel nie," sê die katgedragkenner Mikel Delgado. "Die moontlikste rede is dalk dat dit 'n soort jaggedrag is. Maar pleks van prooi, jag hy nou mense se besittings."

Wat word van al die gesteelde dinge? Norris se eienaar, Richard Windsor, het vir al sy bure 'n brief gestuur waarin hy hulle alles oor die diefstalle vertel en hulle nooi om hul verlore goedere te kom afhaal.

"Die brief het hulle net laat lag," sê Richards. "Norris het nou oral in die buurt hope nuwe vriende gemaak."

OPDRAG: Bestudeer die teks en beantwoord dan die taalvrae wat hieronder oor elke blok in die teks gestel is:

1. Skryf die stam neer waaruit die woord **geslepe** gevorm is. (1)
2. Verduidelik waarom dit in hierdie teks belangrik is om die woord **bure** noukeurig uit te spreek. (2)
3. **Nes** is in hierdie teks 'n verkorte vorm van die woorde **net soos**. Maak 'n sin om te toon dat **nes** ook 'n heel ander betekenis kan hê. (1)
4. Hoe verander die betekenis indien ons woord **streepkat** na **gestreepte** kat verander? (1)
5. Skryf uit die woord **stouterd** verskillende letters neer wat as dieselfde klink wanneer dit uitgespreek word. Verduidelik jou antwoord kortliks. (1)
6. Watter klankverskynsel kom voor wanneer **honderde** tydens normale spraak uitgespreek word as **honnerde**? (1)
7. In die woord **miaau** kom baie klinkers naby mekaar voor. Hoekom word die woord dan sonder enige deelttekens geskryf? (1)
8. Geld dieselfde reël vir die gebruik van dubbele medeklinkers in die woorde **skatte** en **jaggedrag**? Verduidelik waarom jy so sê. (2)
9. Skryf uit die teks 'n eufemistiese sinoniem vir **gesteel** neer. (1)
10. Skryf 'n rede vir die gebruik van die volgende leestekens neer: (1)
 - 10.1 Die koppelteken in **T-hemp**

10.2 Die kappie in **sê** (1)

11. Lees die verkort HAT-inskrywing en beantwoord dan die vrae:
Piz'za s.nw. (-s) plat, ronde laag deeg, gaargemaak met 'n verskeidenheid bolae.

12.

12.1 Verduidelik die ' (afkappingsteken) wat in die inskrywing gebruik word. (1)

12.2 Watter agtervoegsel sal jy volgens die inskrywing moet gebruik indien jy die meervoudsvorm wil neerskryf? (1)

12.3 Skryf die meervoudsvorm van pizza neer en verduidelik breedvoerig hoe die uittreksel asook jou kennis van spelreëls jou help om korrek te spel. (2)

13. Wat is die funksie van die agtervoegsel in die woord **moontlikste**? (1)

14. Watter klankverskynsel kom voor wanneer ons die woord **mense** gewoonweg uitspreek? (1)

15. Stel 'n gepaste antoniem vir **nooi** voor soos dit in hierdie teks gebruik word. (1)

16. In beide die woorde **nuwe** en **vriende** word dieselfde agtervoegsel gebruik. Toon aan hoe die funksie egter verskil. (1)

17. Die woorde **swaartekrag** en **katdeurtjie** bestaan beide uit 3 lettergrepe, maar bevat nie dieselfde aantal morfeme nie. Verduidelik hoe dit moontlik is. (2)

18. Voorsien 'n gepaste antoniem om die volgende sin sinvol te voltooi:
Indien een van die bure nie hou van Norris se stelery nie, sal hy Norris nie sien as 'n vriend nie, maar as 'n ... (1)

19. Verduidelik wat die idioom **katvoet loop** wat in die opskrif gebruik word, beteken. (1)
Baie versigtig wees. ✓

20. Is hierdie idioom na jou mening 'n goeie keuse vir hierdie teks? Skryf TWEE antwoorde vraag neer. Begin jou eerste antwoord met:
Ja, dis 'n goeie keuse, want ...
en jou tweede antwoord met:
Nee, dis nie 'n goeie keuse nie, want ... (2)

21. Wat beteken die idioom **voete laat kry** soos dit in hierdie teks gebruik word? (1)

22. Voltooi: wanneer jy katvoetjie ... probeer jy in iemand se guns kom. (1)

[30]